

**Visie:** Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik  
**Missie:** Geloof, Koinonia en Getuienis


Jaargang 18

2de Kwartaal 2017

## MATTEUS

Matteus was 'n belastinggaarder of tollenaar. Die eerste Evangelie in ons Bybel se Nuwe Testament dra sy naam. Hy het bykans die hele Markus-Evangelie by sy Evangelie ingesluit. Dan het hy nog van Jesus se ander woorde bygevoeg en ook ander stof oor Jesus, wat eie aan homself was, gebruik.

Matteus vertel ons enersyds dat geloof in Jesus so kraak-nuut soos 'n pasgebore baba is en andersyds ook weer so oud is soos die berge. Hy was 'n Jood en as sodanig het hy na alle waarskynlikheid die Ou Testament baie goed geken. So het dit immers 'n goeie Jood betaam. Sy kennis van die Ou Testament blyk uit sy liefde om gemaklik uit die Ou Testament in sy Evangelie aan te haal. Byvoorbeeld: *“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring en hulle sal Hom Immanuel noem.”* Dit is 'n aanhaling uit Jesaja 7:14. Jesus is in Betlehem gebore en Betlehem is volgens die profeet Miga die presiese dorp waar Jesus die eerste lewenslig sou aanskou (Matteus 2:6). Hosea was weer die profeet wat die jong gesinnetjie se vlug na Egipte, toe Jesus nog maar bitter klein was, voorspel het. En dit was die profeet Sagaria wat voorspel het dat Jesus soos 'n groot maar nederige Koning, op die rug van 'n donkie Jerusalem sou binnery (Matteus 21:5)



Die heel belangrikste ding wat Matteus egter oor Jesus te sê gehad het was dat Hy, alhoewel Hy in 'n stal in plaas van 'n paleis gebore is en Hy gevolglik so arm soos 'n kerkmuis was en ten spyte van die feit dat Hy deur omtrent almal wat regtig saak gemaak het geïgnoreer was en Hy eventueel tussen twee swendelaars gekruisig is, Hy inderdaad die Messias was, die Gesalfde

van die Here, die Christus waarop die volk Israel, die Jode dus, reeds vir eeue en eeue, selfs soms met trane in hulle oë, reikhalsend gewag het!

Alles wat Matteus geskryf het was daarop gemik om mense te oortuig om Jesus as die Messias te aanvaar, te omhels en in Hom te glo en deur in Hom te glo die Ewige Lewe uit sy hande te kon ontvang. Om Hom egter nie as Messias te glo en te aanvaar nie, was om soos die Fariseërs te wees vir wie Jesus op 'n keer gesê het: *“Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf in die hel?”* (Matteus 23:23, 29-36).

Min mense het die Jode so liefgehad soos Matteus. Hy skryf sy Evangelie aanvanklik juis met die oog op die Jode en hy skryf homself blou in die gesig om hulle te oortuig om asseblief in Jesus as die Messias te glo. Maar daar is ook min mense wat meer uitgesproke en byna genadeloos teenoor die Jode was as Matteus. Dit is van al die Evangeliste ook net Matteus wat daardie dag toe Pilatus voor almal sy hande in onskuld oor Jesus gewas het, die Jode se uitspattige, onverskillige en brutale geskreeu onomwonde aanhaal: *“Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy(Jesus) se bloed, ons en ons kinders!”* (Matteus 27:5).

Jesus is die Messias, wil Matteus met oortuiging tuisbring! Jesus was egter ook 'n tweede Moses, of eerder Moses van ouds was 'n tipe Messias. Jesus het sy baie bekende Preek op die Berg (Matteus 5-7) gelewer. Moses het destyds die twee klip tablette met die 10 gebooië op berg Sinai van God in Sy eie hemelse handskrif ontvang. Jesus het daardie kille, koue kliptafels met die woorde van die wet daarop, in die woorde van sy Bergpreek geneem en in suiwer loutere goud verander! *“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘n Oog vir ‘n oog en ‘n tand vir ‘n tand! Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen ‘n kwaadwillige mens verset nie ...’”* (Matteus 5:38-39). En het Jesus gesê: *“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyande moet jy haat’. Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg”* (Matteus 5:43-44).

Volgens Matteus het Jesus nie gekom om die wet van die Ou Testament op te hef of ongedaan te maak, soos die Jode geglo het nie, maar eerder om daardie wet 'n nuwe baadjie aan te trek, 'n nuwe stem te gee – die hemelse stem van 'n engel!

Dit bekommer Matteus so effens dat Markus die Seun van God te menslik teken, terwyl hy wat Matteus is sy uiterste bes probeer om Jesus se Goddelikheid, sy Godheid, te onderstreep. Wanneer Markus bv skryf dat, toe Jesus 'n melaatse genees het, Hy die melaatse menslikerwys jammer gekry

het (Markus 1:41), het Matteus dieselfde insident beskryf, maar hy het die 'jammer gekry'-gedeelte eenvoudig weggelaat. Matteus sê bloot: *'Jesus het hom genees'* (Matteus 8:1-4). En toe Markus vertel hoe Jesus die mense rondom Hom menslikerwys kwaad aangekyk het nadat hulle beswaar gemaak het omdat Hy op 'n sabbat wonders gedoen het en hoe Jesus, tipies mens, diep bedroef was oor hulle verhardheid (Markus 3:5), het Matteus in die ooreenstemmende gedeelte bloot Jesus se kwaadwees en bedroefwees weggelaat (Matteus 12:9-14). Volgens Matteus was Jesus God en verhewe bo sulke menslike emosies. By Matteus 16:1-4 laat Matteus Jesus ook nie diep sug soos Markus by Markus 8:12 nie. Teen die einde laat beide Matteus en Markus Jesus sterf met dieselfde woorde op sy lippe: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"* (Matteus 27:46)

Markus se Evangelie eindig met die vroue wat daardie eerste Sondag om lewe en dood van die leë graf af wegvlug en vir niemand anders van hulle wonderlike wedervaringe by die tuingraf vertel nie omdat hulle bang was (Markus 16:8). Matteus egter, vertel van die engel daar by die graf wat hulle getroos het met – *"Julle moenie bang wees nie."* (Matteus 28:1-10). Die vroue het die engel se woorde ter harte geneem en is toe haastig, steeds bang, maar ook baie bly daar by die leë graf weg. En net ingeval daar enige twyfel oor hulle blydschap kan bestaan eindig Matteus sy Evangelie met die troosryke woorde van die opgestane Here Jesus: *"Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"* (Matteus 28:20). *Barry van Wyk*

### **IT'S TIME – BYEENKOMS GELEI DEUR ANGUS BUCHAN OM VIR DIE NASIE TE BID : 22 APRIL 2017**

Ek en Hortense was bevoorreg om op Saterdag 22 April van die Suidkaap deur Bloemfontein te ry op pad huis toe. Dit was 'n begeerte om die saamtrek by te woon, maar ons het nie geweet wat om te verwag nie. Ons het suid van Bloemfontein gestop vir ontbyt en die plekkie was vol mense, vriendelike en gemoedelike mense. Hulle het met busse en motors van die suide gekom vir die saamtrek. Naby Bultfontein se afdraai het ons baie voetgangers langs die N-1 teengekom en heelwat meer

voetgangers wat oor die brug op die N-1 oppad was. Ons het die drie massiewe kruise gesien en toe die vlakke met die rye luidsprekertorings, elkeen met sy reuse tv-skerm. Die parkering van motors was foutloos. Motors is soos sardientjies ingepak, maar geen voertuig was vasgeparkeer nie!

Angus se boodskap was eenvoudig. Ons moet by ons eie huise begin: ek moet by myself begin! Na lofsang het Angus ons almal op die grond laat kniel. Ons het mekaar se hande gevat en hy

het voorgegaan met skuldbeleidenis. Dis toe dat ek die koel briesie gevoel het! Ons het toe eers vir ons eie probleme hardop gebid en toe het hy ons voorgegaan met 'n gebed vir die land! Ek het 'n warrelwind gewaar wat ballonne en grasse in die lug opgesuig het. Angus het oor die luidsprekers net gesê: *"The wind! the wind!"*. Hy kon natuurlik van die verhoog oor die hele terrein sien hoe die warrelwind oor ons beweeg. Daar was heeldag ook nie regtig stof nie, ten spyte van die motors, mense, ens!

Wat merkwaardig was, was dat mense as gesinne gekom het. Daar het 'n kleine babatjie naby ons in die skadu van 'n sambreel gelê.

Mense van alle rasse was daar! Daar was vrede en harmonie. Die weerklanke het fantasties geklink! Elke keer as Angus Amen sê, het ons gehoor: Amen.. amen..amen. amen soos wat die stem wegbeweeg van die verhoog na die rye luidsprekertorings, die laaste ry 1.4km vanaf die verhoog!

Die Christene van ons volk het na Bloemfontein gekom om tot ons God te bid, duisende het ook by hulle huise en kerke gebid! Ons land het saam gebid! Ons God sal ons deur ons land se moeilikhede dra soos wat Hy ons deur die afgelope droogte gedra het! Hy is in beheer!  
*Gawie Hugo*

## **MEER AS OPTIMISME IS NODIG HIER IN SUID AFRIKA, GELOOF EN HOOP IS NODIG!**

As Amerikaanse krygsgevangene was Jim Stockdale vir agt jaar in die tronk in Viëtnam. Toe hy later deur die skrywer, Jim Collins, gevra is hoekom vele ander gevangenes rondom hom moed opgegee en doodgegaan het, was sy antwoord: *"Oh, that's easy. It was the optimists."* Toe verduidelik Stockdale dat daardie gevangenes vir almal vertel het hulle sal vry wees op Kersdag. Toe verskuif hul optimisme weer na Paastyd. En toe weer na die 4de Julie. Toe niks gebeur nie, het hulle almal uiteindelik aan gebroke harte gesterf, het Stockdale verduidelik.

Natuurlik is optimisme nie te versmaai nie. Maar optimisme moenie met geloof of met Christelike hoop verwar word nie. Optimisme het te make met veranderde omstandighede, hoop en geloof het te make met veranderde lewens. Optimisme het meermale met myself en ander rondom my te make; hoop en geloof het altyd met God, Christus en die Heilige Gees te make. Optimiste glo môre gaan beter wees, hoopvolles glo vandag reeds, en môre ook in Christus, maak nie saak wat gebeur nie.

Mense wat nie deur die lewe fyngemaal word nie, beskik oor meer as net optimisme. Hulle het 'n onwankelbare geloof hier diep in hulle harte dat die lewe sinvol is omdat hulle die God van alle genade ken. Hulle weet dat nie eens die slegste omstandighede dit kan verander nie. Al verander die land se politiek nie; al reën dit nie; al wyk die siekte en armoede nie- hulle weet Christus is by hulle. Hulle oog is nie op die sigbare nie, maar op die Onsigbare. Saam met Paulus daar in [2 Korintiërs 4:16-18](#) weet hulle dat hier en nou tydelik is en die lewe daar by God waarop hulle hoop gefokus is,

ewig is. Hulle ervaar God dra hulle ten spyte van hulle omstandighede. Hulle weet dat Christus hulle lewe is. Stephan Joubert in **e**KERK se *Goeie Nuus* (<http://www.ekerk.org/>)

## **VROUWÊRELDBIDDAG: 3 MAART 2017**

Die Esterbiduurgroep, wat hierdie jaar die Vrouewêreldbiddag aangebied het, is die oudste vrouebiduurgroep van die NG gemeente Parys (Moedergemeente).

Die Filippynse vroue het hierdie jaar die program saamgestel. Die tema: *“My genade is vir almal”* het ontstaan by die Filippynse vroue wanneer hulle die rys oes. Al die vroue help saam met die oes van die rys. Nadat die oes ingesamel is, word dit gelykop gedeel – ongeag hoeveel daar op elkeen se lande was om te oes. Hieruit het die gedagte gespruit: *“My genade is vir almal.”* Elke persoon wat die Vrouewêreldbiddag bygewoon het, het ’n klein sakkie rys met die tema *“My genade is vir almal”* bo-op geskryf ontvang.

Die leier van die Estergroep, Kotie Ludike, het almal verwelkom met ’n Filippynse groet: *“Mabuhay”*. Daarna het sy iets oor die agtergrond van die Filippyne en veral die lewe van die vroue vertel.

Hoewel daar voorgegee word dat mans en vroue gelyk behandel word, realiseer dit glad nie in die praktyk nie. Die meerderheid van die Filippynse vroue is steeds arm en kwesbaar vir misbruik en

uitbuiting.

Drie vroue het hartseer verhale oor onderdrukte Filippynse vroue voorgedra. Hierna is ’n skaal op die tafel geplaas met die boodskap: *“Julle is geweeg en te lig bevind.”* Almal teenwoordig het saam skuld bely en het die Here gevra om hulle in die toekoms te help om vernederende en onderdrukkende seksisme teen te werk.

Die boodskap van die oggend is gelewer deur een van die lede, Sarah Jane Wessels. Die Skriflesing, Matt. 20: 1-16, is deur lede van die Esterbiduurgroep gedramatiseer. Dit handel oor die grondeienaar wat arbeiders om nege-uur, twaalfuur en vyfuur gehuur het om in sy wingerd te gaan werk. Aan die einde van die dag is almal ’n gewone dagloon betaal. Die getroue vaste werkers was ontstoke. Maar die grondeienaar antwoord: *“My vriend ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir ’n gewone dagloon nie? ... Is jy afgunstig omdat ek goed is?”* **Sy genade is vir almal.**

Die boodskap sluit af met die bevel: *“Gaan werk vandag in my wingerd.”* Die opdrag is ook vir jou wat hierdie verslaggie lees. Is jy

gewillig om in sy wingerd te gaan

werk?



Die rangskikking simboliseer die tema: “My genade is vir almal”. wat almal dieselfde dagloon betaal, ongeag hoeveel ure hy/sy in die wingerd gewerk het.



Elke vrou wat die biddag bygewoon het, het ’n sakkie rys ontvang. Dit simboliseer die gesindheid van die Filippyse vrou wat almal saam oes en dan die oes gelykop verdeel-ongegag die grote van elke individuele bydrae.

Sarah Jane Wessels



### FILM VAN ‘N PASSIESPEL – 9 April 2017

Op Goeie Vrydag wat vanjaar op 14 April geval het, is die kruisiging van Jesus Christus herdenk. Baie mense het al die geleentheid gehad om die Passiespel, waarin die kruisiging voorgestel word, plaaslik of in Oberammergau by te woon.

Die NG gemeente Garsfontein het die Passiespel, wat deur die gemeente in Middelburg saamgestel is, sedert 2000 meer as 50 keer opgevoer. Hulle het dit selfs in 2001 in die Oekraïne opgevoer en dit is orals baie goed ontvang.

Koos en Toekie Hoffman wat nou in ons gemeente is, het aan die opvoering deelgeneem en hulle het hul DVD van die Passiespel vir die gemeente geleen vir ’n vertoning. Die hele Parys is uitgenooi om op Sondag, 9 April 2017 om 18:00 by Parys-Wes-gemeente in hierdie besonderse voorstelling van die kruisiging te deel. Die toegang was gratis en agterna het almal tee en koffie in die kerksaal geniet.

Ongeveer 100 mense het die vertoning bygewoon.

### VROUE- RINGSKONFERENSIE

Die Vroue-ringskonferensie, met as onderwerp “Blom waar jy geplant is” en met Esté Geldenhuys as spreker, is op 11 Maart 2017 by die NG Kerk Parys-Suid gehou.

Blom jy waar jy geplant is? Waar is jy geplant? Wie is die tuinier? Die Almagtige Skepper-God is die tuinier en hy het besluit waar en wanneer om jou te plant. Hy weet waarom Hy jou geplant het waar jy is. Die tyd om net te wees is lankal verby. Elkeen van ons moet blom, ’n lieflike kleur en geur versprei, vreugde gee. Hoe lyk jou blom? ’n Blom wat bloei word ook bevrug en bring saad voort

wat weer geplant kan word. Wat doen blomme? Hulle gee vreugde! Wat is wonderliker as 'n plant wat blom waar hy geplant is! Maar ons kan net blom as ons waarlik glo in die Tuinier en die pad saam met Hom stap, elke dag.

Ons lees oral in Matteus van die Evangelie van die Koninkryk maar ons lees ook van die Evangelie van Verlossing. Hierdie Evangelies het elk 'n eie simbool:

Evangelie van Verlossing = Die Lam wat geslag is, eenmalig. Die Evangelie van Verlossing neem ons deur 'n deur na die verlossing – een keer. Genade onbeskryflik groot!

Evangelie van die Koninkryk = Leeu van Juda. 'n Leeu het outoriteit, 'n simbool van oorwinning, léwe, geen vrees nie, beskerming! Die Evangelie van die Koninkryk vra dat ons elke dag opnuut sal besluit om die pad van die Koninkryk te stap, in geloof en sonder vrees.

In Engels is daar twee woorde vir genade: “Mercy” en “grace”.

Evangelie van verlossing = “mercy - not to receive what you deserve”.

Evangelie van die Koninkryk = “grace – to receive what you did not deserve”.

Daar is 'n Skepper-God – Jahweh – EK IS – Ek IS wie jy my nodig het om vir jou te wees in enige situasie van jou lewe. Mag Jehowah elke asemteug vir ons wees – dán sal ons blom waar ons geplant is. Hy het geweet wat Hy doen toe Hy ons in hierdie tyd in Suid-Afrika geplaas het. Hy het 'n plan vir Suid- Afrika en vir Afrika en het elke dorp, elke mensegroep en vir jou nodig. Hy wil in die eerste plek die mens gebruik wat Hy gemaak het om sy genoot te wees. Ek daag jou uit om te blom – leer Sy stem ken deur waaragtig met Hom op pad te wees, soek jou identiteit in Christus, word gestroop van jou eie ek. Wéét wie jy is! Soek tot jy Hom vind, dan sal jy kan blom waar jy geplant is! Maak 'n verskil in jou dorp – dit sal lei tot 'n groot verskil in Suid--Afrika!

*Elize Bekker*

### **WELKOM AAN WILMA**

Baie welkom aan Wilma Deetlefs wat vanaf 1 Maart 2017 as Kassier aangestel is. Wilma en haar gesin woon reeds 23 jaar in Parys en sy was voorheen in hul eie besigheid hier in Parys werksaam. Sy is getroud met Etienne en hulle het twee dogters.



## NUWE INTREKKERS

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate in ons gemeente. Van hulle is dalk al 'n rukkies hier terwyl ander pas ingetrek het. Baie welkom aan elkeen van julle en ons vertrou

dat jul verblyf in ons gemeente geseënd sal wees en dat julle goed sal inskakel. Die beste manier om dit te doen is om betrokke te raak. Vra gerus vir Annelie of Dries by die kerkkantoor waar jul kan inskakel.

Naam	Van	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontaknr
Gert en Annatjie	Coetzee	NG Parys-Suid	Amotwoonstel 18	Amot	083 2901033 / 083 2902733
Louis	Van Rensburg	<i>Evangelies Gereformeerde Kerk, Parys</i>	<i>Graniet-Aftreeoord 5, Vredefort</i>	Pistoriusrust M3	
Estelle	Stone	<i>Evangelies Gereformeerde Kerk, Parys</i>	<i>Graniet-Aftreeoord 5, Vredefort</i>	Pistoriusrust M3	072 8861061 / 084 6631102
Sanette	Buys	Constantiapark, Roodepoort	Sally Martin-Aftreeoord Huis 101	Sally Martin	063 6691877
Abé en Elize	Kempfen	NG Driehoek, Vanderbijlpark	Sally Martin Aftreeoord 501	Sally Martin	0833272616 / 0761861841

## DIE DOOP

Baie geluk aan die volgende ouers met die doop van die kindertjies op 16 April 2017. Mag hulle groot vreugde in jul lewe bring.

Pieter Lodewyk Steyn	Abrie en Jolanda Steyn	21 November 2016
Luan Zayden Aucamp	Werner en Maryna Aucamp	9 Desember 2015

**Prestasie beloon:** Baie geluk aan Danielle Venter en Kaylen Vertenten wat onlangs deelgeneem het aan "Talent Africa" in die afdeling "Acting poetry". Hulle het elk 'n goue medalje verwerf en gaan die Suid-Afrikaanse span gedurende Junie/Julie 2017 in New York verteenwoordig. Sterkte met die voorbereiding en optrede.

## NUWE KANTORE

Dankie aan almal wat gehelp het met die bou en inrig van die nuwe kantore in die saal. Die personeel is in, hul lyk gelukkig en dit sal sekerlik bydrae tot groter produktiwiteit.



## **ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER**

Gelukkige verjaardag! “Mag dié God (wat vrede gee) julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen.” Heb 13:21

### **APRIL:**

02 – Nico Oelofse (81): Het chemo-behandeling vir leukemie gehad en moet nou weer sy kragte opbou.

06 – Annatjie Claassen (85): Partykeer ‘n skeet van die ouderdom, maar oor die algemeen gaan dit nog goed.

13 – Nellie Schlebush (85): Dit gaan beter met die bene. Het ‘n kwaai verkoue gehad en haar bors is nie lekker nie.

14 – Kotie Erasmus (92): Het geval en sukkel nou met haar balans. Is tans in Pretoria om naby een van haar kinders te wees

14 – Marie-Louise de Vries (82): Baie dankbaar vir goeie gesondheid. Bly nog in haar meenthuis en is baie bedrywig. Besig om die 1 138ste brief aan haar dogter wat in Maine, VSA woon te skryf!

18 – Heila Botha (84): Rug gee probleme maar verder gaan dit redelik goed.

22 – Eleanor Coetzee (80): Kan met groot dankbaarheid sê dat dit goed gaan ten spyte van ‘n rug wat nie aldag goed voel nie.

24 – Dinkels Schultz (82): Dit gaan baie goed en sy en Johan is baie tuis en gelukkig in hulle woonstel in Najaarsrus.

### **MEI:**

08 – Frikkie Botha (83): Baie dankbaar dat dit so goed met hom gaan.

10 - Iona Sussens (83): Gesondheid redelik. Het geval en loop swaar.

12 - Danie Cronjé (84): Is nog baie gesond en aktief. Dankbaar dat dit so goed gaan.

15 – Alet Fourie (80): Gaan goed, gesondheid goed.

15 – Sarie van Niekerk (80): Rug gee probleme, verder goed onder omstandighede.

20 – Louis van Rensburg (80): Gesondheid 100%. Geen probleme nie, baie geseënd.

21 – Nanna Wessels (80): Gaan goed, geen klagtes nie.

22 - Lelia de Jager (89): Dit gaan baie goed. Gesondheid ook goed, val soms maar staan weer op!!

24 – Gert du Preez (81): Rugprobleem, gesondheid verder goed.

### **JUNIE:**

02 – Bok Ludwick (81): Gaan goed en is nog baie aktief.

12 – Thomas Venter (81): Been gee soms probleme, gesondheid verder heel goed.

19 – Gert Marais (84): Dit gaan goed, geen rede om te kla nie. Dankbaar vir goeie gesondheid.

21 – Kobus Myburgh (87): Gaan baie goed en is dankbaar daarvoor.

## PARYS-WES SE HERFS EKSPLO

Braaivleisgeure het swaar in die lug gehang terwyl talle besoekers onder die bome wat in hul herfskleure getooi is, by tafeltjies ontbyt geniet het.

Die pasafgelope Herfs Ekspo van ons gemeente op 24 en 25 Maart 2017 was 'n groot sukses.

In die saal het stalletjies gewedywer met hul uitstallings. Van pragtige handgemaakte messe, houtborde, juwele, skilderye en ander artikels was te sien en te koop. Op die kerkterrein was pragtige trekkers, ou motors, doef-doef enjins en selfs 'n oorgroot blou voertuig en dit alles het baie belangstelling gewek.

Daar het so 'n ontspanne en vrolike atmosfeer geheers en die kitaarmusiek reg voor die saal het menige een wals-wals die saal laat binnekom. Crater koffie was op hulle pos vir 'n lekker koppie koffie na ontbyt.



Daar is nagenoeg R14 000 ingesamel met hierdie eerste van hopelik meer Ekspo's.

*Die gemeente bedank graag elkeen van die maatskappye en individue wat aan die Ekspo deelgeneem het. Sonder hul deelname was daar geen Ekspo nie. Baie dankie ook aan elkeen wat die Ekspo besoek en ons uitstallers ondersteun het. Sonder die voete kan so 'n onderneming ongelukkig nie slaag nie. Dankie Dries en die organiseerders.*

*Hannetjie Pieterse*

## KKK&KK WYS WAT HUL DOEN

Die **KKK&KK**, oftewel die *Kuier, Kekkel, Knip en Knoop- Komitee* of dan die *Brei-en-hekelgroep* kom Dinsdae om 14:30 by die pastorie by Grensstraat 2c bymekaar. Die groep dames beywer hul daarvoor om oor 'n koppie tee iets te maak wat vir ander van waarde kan wees. In die verlede het hul al knie-komersies gebrei wat gedurende die winter in die kerk gebruik kan word, en verlede jaar het hul sakke gemaak vir moeders met babas in hospitale.

Parys-Wes is verantwoordelik vir die seuns in Huis Esterhof by die Charlotte Theron Kinderhuis (CTK) in Bethlehem. Die afgelope kwartaal het die **KKK&KK** kombersie gemaak vir die seuns en dit sal binnekort vir hulle gegee word. Op Sondag, 23 April 2017 is die kombersies voor in die kerk geplaas sodat die gemeente kon sien waarmee een van die gemeente se groepe

hulself besig hou. Bethlehem is koud in die winter en die seuns sal die mooi komberse sekerlik geniet.

Dames word uitgenooi om deel te word van die groep en om ook so 'n bydrae te maak. LW.: Daar is geen vergaderings nie en almal werk net vir 'n uur of twee lekker saam. Daar kan ook by die huis aan van die projekte gewerk word. Skakel gerus vir Ina van Wyk by 056 8114948 as jy belangstel om deel te neem of daag net op op 'n Dinsdagmiddag. Almal is welkom.



**Foto links:** Die komberse is by CTK afgelewer en die gesiggies spreek van dankbaarheid. Dankie aan almal wat gehelp het om hul hartjies bly te maak.

### **PAASETE VIR GEMEENSKAP IN PARYS - Baie dankie**

Die VVA (Vrystaat Versorging in Aksie) in samewerking met die kerke in Parys hou jaarliks 'n Paasete vir die minderbevoorregte mense in die gemeenskap. Die verskillende kerke voorsien die kos. Parys-Wes het ook 'n bydrae gemaak en die volgende brief van dank is van die Hervormde kerk wat die reëlings getref het, ontvang. Dankie aan ons gemeentelikes dames vir hul bydrae.

*"Ek wil u hartlik bedank vir die heerlike bakke Lasagnes en ander items wat ons ontvang het*

*op Saterdag, 8 April 2017. U aandeel het dit moontlik gemaak dat die gemeenskap se Paasete, wat aangebied is by die Hervormde Kerk, 'n reuse sukses was. Sonder u bydrae sou dit nie moontlik gewees het nie. Dit is regtig 'n voorreg om deel te wees van die Parysgemeenskap, waar almal hande vat, om so 'n besondere geleentheid die lig te laat sien.*

*Thea Bruwer :  
NHK BARMHARTIGHEID :  
HERVORMDE KERK"*

### **BESOEK UIT RUSLAND**

Op Sondag 7 Mei was ons bevoorreg om vir Japie en Dasha Hugo in ons gemeente te verwelkom. Hulle is sendeling in die Suide van Sibirië, in 'n dorpie genaamd Gorno-Altai.

Japie is 'n seun uit ons gemeente wat in Parys skoolgegaan het en na skool, met uitreikwerk in Rusland, 'n persoonlike roeping van God ontvang het om daar te bly en Jesus se getuieniswerk voort te sit. Vir 'n paar jaar was hy in Moskou waar hy by 'n internasionale Engelse skool skoolgehou het en tydens somervakansies by jeugkampe en ook selgroepe by sy skool betrokke was. Hy is getroud met Dasha uit die Oekraïne en hulle het 'n seuntjie, Lukas. Sowat 2 jaar gelede het hulle na die koue Sibirië verhuis waar hulle voltyds werksaam is in Gorno-Altai'sk en veral aandag skenk aan die jeug van wie baie min al met die Here Jesus kennis gemaak het.

So stadigaan het Japie die taal baasgeraak maar met so baie taalvariasies in die verskillende streke, skep dit sy eie probleme. Hulle het al hard gewerk en betrek een van die dae hulle eie veeldoelige gebou – waar hulle kerkhou, die jeug bymekaarkom, slaapplek bied aan besoekers, ens. Die Russiese wette, oor byeenkomste en waar dit gehou mag word, is baie streng. Jy mag oor die Here Jesus praat maar jy mag niemand na 'n kerkgeleentheid nooi nie! 'n Manier om mense bymekaar te kry, is om vir die jong kinders 'n soort van “Sondagskool” aan te bied en dan kom die ouers ook sommer saam.

Temperatuur in daardie land van koue en sneeu, is iets om mee rekening te hou.

Japie verduidelik dit so:

Teen  $-10^{\circ}\text{C}$  is die sneeu los en vee jy dit van jou baadjie af, dit ys nog nie; teen  $-15^{\circ}\text{C}$  sê jy vir die ou op die ander selfoon jy kan nie nou met hom praat nie, jou hand vries; teen  $-20^{\circ}\text{C}$  moet jy nie te diep asemhaal nie, want jou longe word hard; teen  $-25^{\circ}\text{C}$  vries jou neushare en drup jou neus as jy 'n vertrek binnekom; teen  $-30^{\circ}\text{C}$  vries jou wimpers! Om 'n baba daar groot te maak is op sigself 'n uitdaging!



Ons gemeente wil hulle graag volledig ondersteun met ons voorbidding en bemoediging en waar moontlik ook finansieël vir hierdie uitdagende taak waarmee hulle besig is. Hulle gehoorsaam immers namens ons die laaste opdrag van Jesus voor Sy hemelvaart! “Gaan dan na al die nasies.....” Japie se e-pos adres is [japie.hugo@gmail.com](mailto:japie.hugo@gmail.com). Hulle is vir nog 'n paar weke in die land en sal ook ander gemeentes besoek en Japie wil ook aan die Comrades deelneem. Dink asb aan hulle in u gebede.

*Suna Meyer vir Diensgroep Getuienis*

*Stuur asseblief enige kommentaar en bydraes na [hansieb@lantic.net](mailto:hansieb@lantic.net) of skakel Hansie Bekker by 056 811 4754 / 082 820 4306*